PREEKOPSOMMING

April preekreeks: **Kookpunt vir die Here!**
Tema nr 3: ***Hitte deur ander Christene.***
Teksvers: ***"Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."***
(Jakobus 5:16)
Datum: 27 April 2008
Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 057 3882526/ 0842568031)

Kookpunt vir die Here
Gooi jy water in 'n ketel dat verhit dit tot by kookpunt. Kookpunt is 100 grade Celsius. Wat gebeur met water by kookpunt? Daar vind 'n wesensverandering plaas wanneer water by kookpunt is – water verander in stoom. Ongelooflike krag word vrygestel op kookpunt! Gebruik ons dié beeld om die funksionering van die geestelike lewe te verstaan, dan kan ons sê dat kookpunt vir die Here is waar God se volle krag vrygestel word in ons lewens. Kookpunt is presies waarvan Handelinge 1:8 en Johannes 7:38 praat. Vergelyk weer die bekende teksvers in Openbaring 3:15 en 16: ***"Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was. Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg."*** Kookpunt is die lewe wat God ook vir jou lewe in gedagte het.

Wat verhit jou?
As jy elke Sondag eredienste bywoon, gaan dit jou heel moontlik tot op 50 grade celsius bring. As jy gedurende die week 'n paar geestelike praktyke in jou lewe inbring gaan dit jou verder in die week verhit. Maar - Jy as Christen kan nie regtig van 0 grade Celsius opkom tot by 100 grade celsius sonder dat jy 'n sekere mate van GEMEENSKAP met mede-Christene beoefen nie. As jy nie GEMEENSKAP met mede-Christene beoefen nie, gaan jy nie sommer tot op 100 grade Celsius leef nie. Gemeenskap kom van die Griekse woorde ***"koinonia***" wat letterlik beteken: 'n groep Christene wat deel het en deel neem aan mekaar se lewens. Jy het dus 'n groep Christene nodig in jou lewe om jou te neem tot geestelike volwassenheid. As jy dit alleen wil doen, gaan jy nie daar kom nie.

Die 5 Geestelike Dividende van Gemeenskap
Hier is 5 geestelike dividende wat jy net in 'n kleingroep kry. As kleingroep praat ons van enige groep Christene (Bybelstudiegroep of bidgroepie) van tussen 3 en 14 wat gereeld bymekaar kom om gemeenskap te beoefen. Dit sal jou ook oortuig dat jy nie regtig 100 grade celsius bereik sonder gemeenskap nie. Ons gebruik ook 'n paar simbole om ons gedagtes hieroor te lei.

1. 'n MASKER.
In Jakobus 5:16 staan: ***"Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar."*** Kan jy jou sondes teenoor mekaar bely as jy alleen is? NEE. Behoort jy jou sondes teenoor mekaar te bely as ons in 'n groot groep soos 'n erediens saam is? NEE. In so groot groep is ons ook redelik vreemdelinge vir mekaar en is dit sosiaal, sielkundig en geestelik nie toepaslik nie. Die Bybel leer dat belydenis van sonde noodsaaklik is, maar daar is 'n klein groepie mense teenoor wie jy dit kan doen – dit is die groep mede-Christene wat vir jou lief is, wie jy kan vertrou en wat jou graag wil help. Van tyd tot tyd moet jy die masker afhaal en mense toe laat om jou beter te leer ken. Jy moet die masker afhaal en vir die kleingroep mede-christene sê: ***"Dit is wie ek regtig is".***

Ja, jy moet jou sondes teenoor God bely – Hy is die een wat ons sondes moet hoor – maar Jakobus 5:16 sê ook later in die vers***: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar ..., sodat julle gesond kan word."*** Daar lê genesing in om jou masker af te haal voor 'n groep naby-Christene.

2. 'n GPS.

GPS staan vir ***"Global Positioning System"*** – en jy tik net die adres in en hy vat jou tot waar jy wil wees. Die bekende vers hieroor sê: ***"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."*** (Spreuke 3:5 en 6). Hoe doen die die Here dit? Hy lei jou deur vir jou algemene leiding te gee in byvoorbeeld iets soos 'n erediens. Maar dan as jy alleen met God se Woord omgaan in jou binne-kamer stuur en lei Hy jou ook. Maar dan in 'n kleingroep gee Hy leiding en stuur die HERE jou deur spesifieke leiding te gee wat nommer-pas is vir jou lewe. Dit is juis wanneer ons by 'n kruispad in die lewe kom, dan soek ons leiding en rigting met vel aan. Ons soek dit dan by mense wat jou omstandighede ken, wat jou ken en aanvaar en wat die beste in die lewe vir jou wil hê. Dit is mense wat geestelik volwasse genoeg is om God se leiding vir jou spesifieke lewe vir jou situasie toepaslik te maak. Spreuke 11:14 sê: ***"Die redding lê in baie raadgewers."***

3. 'n SPIEëL.

In Jakobus 1:23 en 24 lees ons: ***"Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het."*** Die eienaardigste van alle mense wat êrens met 'n verhoudings-issue worstel, is dat daar normaalweg een party is wat voel hy/sy is onskuldig – iemand wat dink hy/sy is so sondeloos ... en dan is dit nodig dat daar iemand anders 'n spieel voor die persoon moet hou, en sê: ***"Jy is nie so onskuldig as wat jy dink nie."*** **Jy** kry nie 'n spieel in die erediens nie en ook nie waar jy alleen is nie. Jy kry 'n spieel in 'n klein groepie mense – die omgeegroep of Bybelstudiegroep waar mense vir jou lief is en vir jou regtig omgee.

4. 'n BADKAMERSKAAL.

Indien jy in die oggend op die badkamerskaal klim, dan gee hy jou terugvoer – ***eerlike terugvoer*** oor wat in jou dieet en jou oefenprogram aan gaan. Die skaal lieg nooit nie. Dit is presies wat mede-Christene vir jou doen in 'n kleingroep: hulle gee vir jou eerlike terugvoer – hulle sê vir jou hoe gaan dit met jou geestelike groei en waar jy verstellings moet maak. En sulke mense het almal van ons nodig.

5. 'n BROOD.

Weet JY waarvoor elkeen van ons diep in ons harte baie honger is? Dit is liefde – om net te ervaar: mens het jou lief, hulle aanvaar jou soos die Here jou gemaak het. Jy kan nie die liefde ervaar regtig in 'n groot erediens – al is die mense om jou baie vriendelik. Jy kan ook nie die liefde ervaar al lees jy hoe baie Bybel en al bid jy hoe baie nie. Jy gaan steeds honger wees vir liefde. Maar dit is juis in die kleingroep mede-Christene waar jy primêr liefde kan ervaar. Waar was die primêre plekke waar Jesus liefde bewys het? Was dit in 'n groot groep mense? Nee. Was dit individue wat hy eenkant geneem het? Ook nie. Jesus se primêre plek waar hy liefde bewys het was aan etenstafels, waar hy brood gebreek het, na mense se verhale geluister het, na hulle sondes geluister het, en aan die einde van die ete het Hy vir hulle gesê: ***"Ek steeds baie lief vir jou."*** Dit is hoekom hulle Hom selfs 'n wynsuiper en dronkaard genoem het, omdat Hy so baie etes gehad het saam met mense. Dit is die plek waar jy liefde kan ervaar – daar in jou kleingroep – waar mense na jou kan luister, mense jou aanvaar en vir jou kan laat ervaar: ons is lief vir jou.